MGA-0001-0004-010


**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 3 5 | 19881122 | | |

Beeld Jg.............. Nr......................... P. 8 Dat. 1988.11.22.


**Beeldende kuns**

# Minder sprankel en vernuf

**New Visions 88**
**Mark**
**Elza Miles**

VANJAAR se nuwe sienings – met die uitsondering van Russell Scott: *It dreamed it was a man*, Jan van der Merwe: *Wip*, Sophia Ainslie: *Working things out* – vertoon nóg die sprankel, vernuf of energie wat die kunswerke op die eerste *New visions*, 1985 onderskei het. Deurgaans is die uitvoering bekwaam en soms oorbluf die tegniek só dat die verveling van simmetrie jou ontsnap (Dominic Thorburn: *Sunday afternoon: thoughts of Monet* en *Magnus*).

Jy vra jou af: wanneer gaan kunstenaars moeg word vir veelluike? (Is dit een van die vereistes in jul opleiding dat hulle moet aandag trek met baie verf en omvattende afmetings?) Jare gelede het F.L. Alexander die waarde van die goeie klein skildery bepleit. Met die uitsondering van Wayne Barker se *Boxer* sien ek nie waarom die beskildering van meer as een paneel vir 'n spesifieke skildery op hierdie tentoonstelling nodig is nie.

Stel 'n mens Arthur Xaba en Tumi Mosaka se gewone eselskilderye naas enige van die veelluike op die tentoonstelling dan is die waarde van 'n selfopgelegde beperking duidelik. Hulle komposisies kon ook in vergrotings oor meer as een paneel uitgerek word. Met goeie gevolg versorg hulle die oppervlakte binne 'n enkele raam en die innigheid wat daarmee verkry word, bestendig hul kunstenaarskap. Dieselfde geld onderskeidelik vir Lorienne Lotz, Jeffrey Lok en Andrew Lindsay se *Banner*, *Grandparents with portrait of a frying-pan with detachable handle* en *Dark Eve*.

Sophia Ainslie se houtskooltekening: *Working things out* sluit aan by die kuns van Mandla Nkosi. (Vroeër vanjaar het die Johannesburgse Kunsstigting 'n postume tentoonstelling van sy werk aangebied.) Die aansluiting is 'n interessante verskynsel omdat daar ook in tekeninge van Helen Sibidi (van wie daar nie werk onder dié stukke is nie) 'n soortgelyke vormgewing te bespeur is. Dit lyk of dié drie kunstenaars met die vorming van 'n nuwe (meer plaaslike) ekspressionisme, waarin die persoonlike uitdrukkingsvorm nie domineer nie, gemoeid is. 'n Mens sien uit na Ainslie en Sibidi se uitbouing van so 'n rigting.

In *Burial of a hero* pas Chabane Manganye die stilering en tegniek van Lucky Sibiya op 'n aktuele onderwerp toe. Net soos Ainslie onderwerp hy hom aan 'n plaaslik beproefde vorm van uitdrukking.

Russel Scott se hout-en-metaal beeld: *It dreamend it was a man*, verontagsaam nie die verhouding tussen opening en materie ter wille van 'n sedeles nie. Alhoewel die stuk assosiasies met die Groot Trek en "adder aan jou bors" wek, verval dit nie in 'n verhaal nie. Dié statiese beeld *bewe* van ingehoue spanning. Binne die raamwerk van ligte hout (ietwat soos 'n kakebeenwa saamgevoeg) hipnotiseer twee bewegings jou: die rustige kronkellê van 'n versadigde slang en die moontlikheid van blindelingse vernietiging indien die metaalsfeer ontkoppel word en van sy spoor rol.

☐ **Tot 26 November.**

**TREFWOORDE**

1 .................

.................

2 .................

.................

3 .................

.................

4 .................

.................

5 .................

.................

6 .................

.................

7 .................

.................

8 .................

.................

9 .................

.................

10 .................

.................